# SAGES WATERBERGTAK

Voorsitter : Skobol Swanepoel
Selfoon : 082 881 5504
Vonkpos : stskobol@gmail.com

Sekretaresse : Hannetjie Peschl
Selfoon : 082 923 4582
Vonkpos : peschlelectrical@gmail.com

---

# NUUSBRIEF/NEWSLETTER

# JANUARIE / JANUARY 2026

Dit is met groot dankbaarheid dat ons die nuwe jaar as Sageslede bymekaar kan kom.  Ons is dankbaar dat ons lede veilig terug is en vir die heerlike reën wat die Bosveld in 'n lushof verander het.  Baie welkom aan almal en ons vertrou dat ons hierdie jaar weer van krag tot krag sal gaan.  Die baan is nat, groen en getuig van die laaste reën wat nog gister geval het.  Die Algemene Jaarvergadering is gehou en 27 lede het opgedaag om dit by te woon.  Dankie aan Gerhard Olivier en die bestuur van Naboomspruit wat die baan en fasiliteite tot ons beskikking stel.  Die oggend koffie en heerlike toebroodjies het ons innerlike gevoed en daarna kon ons met die dag se verrigtinge begin.

It is with great gratitude that we can come together as Saga members for the new year. We are grateful that our members are back safely and for the lovely rain that has turned the Bushveld into a loop court. A warm welcome to all and we trust that we will go from strength to strength again this year. The course is wet, green and bears witness to the last rain that fell yesterday. The Annual General Meeting was held and 27 members turned up to attend. Thanks to Gerhard Olivier and the management of Naboomspruit for making the course and facilities available to us. The morning coffee and delicious sandwiches nourished our inner self and then we could begin the day's proceedings.

Tydens die Algemene Jaarvergadering is geen besonderse sake bespreek nie.  Die voorsitter het sy verslag voorgelees en die tesourier het die finansiële verslag voorgelȇ vir goedkeuring.  Die jaarprogram is goedgekeur en sal aan lede beskikbaar gestel word.  Die klubkampioenskappe sal op 5 Februarie 2026 te Thabazimbi gholfklub gehou word en ledegelde moet die einde Januarie 2026 betaal wees, anders kan die lid nie aan die klubkampioenskappe deelneem nie.  Ledegelde beloop R250,00 vir bestaande lede en R350,00 vir nuwe lede.

At the Annual General Meeting, no particular matters were discussed. The chairman read out his report and the treasurer submitted the financial report for approval. The annual programme has been approved and will be made available to members. The Club Championships will be held at Thabazimbi Golf Club on 5 February 2026 and membership fees must be paid by the end of January 2026, otherwise the member will not be able to participate in the Club Championships. Membership fees amount to R250,00 for existing members and R350,00 for new members.

Klubkampioenskappe sal om 09h00 begin.  Daar is A divisie wat medal sal speel vanaf die witbowwe.  B divisie is 0 – 18 voorgee vanaf keusebof. C divisie is 19 – 36 voorgee vanaf keusebof.  Die speelgeld beloop R400-00 per speler met karretjie wat deel.  Bespreek asb karretjies by Thabazimbiklub by tel 076 055 1749.  Daar is 15 karretjies beskikbaar.  Lede met hul eie karretjies is welkom om dit saam te bring.  Inskrywings moet voor of op 30 Januarie 2026 by verteenwoordigers wees sodat dit deurgee kan word na Thabazimbi.

Club Championships will start at 09h00. There is A division that will play medal from the white tee boxes.. B division is 0 – 18 handicap from choice tee boxl. C division is 19 – 36 handicap from choice tee box. The play fee is R400-00 per player with cart sharing. Please book carts at Thabazimbi Club at tel 076 055 1749. There are 15 carts available. Members with their own carts are welcome to bring them. Entries must be with representatives on or before 30 January 2026 in order for them to be passed on to Thabazimbi.

Die Nasionale Kampioenskappe word deur Randpark aangebied tussen 16 en 20 Maart 2026 en lede wat belangstel om dit by te woon, moet asb hulle name so spoedig moontlik aan verteenwoordigers deurgee. Slegs 8 lede mag die kampioenskappe bywoon. Gelde beloop R1350,00 per speler sonder karretjie vir 4 speeldae. Reis en verblyfkoste is vir eie rekening asook etes. Kleredrag moet aan vereistes voldoen. Waterbergfonds sal 50% van die speelgeld bydra. Name van lede wat wil bywoon moet hulle name by verteenwoordigers ingee voor of op 30 Januarie 2026. Span sal op 5 Februarie 2026 gekies en bekend gemaak word.

The National Championships will be hosted by Rand Park between 16 and 20 March 2026 and members interested in attending should please pass on their names to representatives as soon as possible. Only 8 members are allowed to attend the championships. Fees amount to R1350,00 per player without cart for 4 playing days. Travel and accommodation costs are at your own expense as well as meals. Dress code must meet requirements. Waterberg Fund will contribute 50% of the playing money. Names of members who wish to attend must submit their names to representatives on or before 30 January 2026. Team will be selected and announced on February 5, 2026.

Die dag se spel het om 09h00 begin en dit was 'n IPS kompetisie. Die baan is groen en daar is baie water op die baan as gevolg van die baie reën wat nog gistermiddag geval het. Die span het hul bes probeer om die baan vir ons speelbaar te kry en ons waardeer dit opreg. Dit is voorwaar 'n uitdaging om 'n IPS kompetisie te speel op so 'n nat baan. Daar is egter lede wat geen probleem daarmee gehad het en goeie punte behaal het.

Uitslae :

| | | |
|---|---|---|
| Eerste plek : | Koos Meyer | 39 punte |
| Tweede plek : | Alf Darvall | 38 punte |
| Naaste aan die pen: | | |
| Putjie 4 en 8 | Frikkie Buys | |
| Putjie 13 en 17 | Koos Meyer | |
| Dames langste dryf: | Venita Korff | |
| Mans langste dryf: | Frikkie Buys | |

Baie geluk aan die wenners.

The day's play started at 09h00 and it was an IPS competition. The course is green and there is a lot of water on the course due to the heavy rain that fell just yesterday afternoon. The team tried their best to get the course playable for us and we sincerely appreciate the efford. It is truly a challenge to play an IPS competition on such a wet course. However, there are members who have had no problem with it and have achieved good points.

Results :

| | | |
|---|---|---|
| First place : | Koos Meyer | 39 points |
| Second place : | Alf Darvall | 38 points |
| Closest to the pin: | | |
| Holes 4 and 8 | Frikkie Buys | |
| Holes 13 and 17 | Koos Meyer | |
| Women's longest drive: | Venita Korff | |
| Men's longest drive: | Frikkie Buys | |

Congratulations to the winners.

Ons het baie lede wat ongesteld is of wat operasies ondergaan het.
Ons dink aan julle in ons gebede en vertrou dat julle spoedig weer op die been sal wees.
Sterkte aan elkeen van julle.

We have many members who are unwell or who have undergone surgeries. We think of you in our prayers and trust that you will soon be back on your feet. Good luck to each of you.

Belangrike datums :

| | | | |
|---|---|---|---|
| 5 Februarie 2026 | Klubkampioenskappe | Thabazimbi | 09h00 |
| 16 - 20 Maart 2026 | Nasionale Kampioenskappe | Randpark | 08h00 |

Important dates :

| | | | |
|---|---|---|---|
| 5 February 2026 | Club Championships | Thabazimbi | 09h00 |
| 16 - 20 March 2026 | National Championships | Rand Park | 08h00 |

Sages groete.
Best regards